# AFDELING B

# ARTIKELS

# ARTIKEL 2

# EVALUASIE VAN DIE REds-BEMAGTIGINGSPROGRAM

## 1. INLEIDING

Theron (2007c:176) wys daarop dat die MIV- en VIGS-pandemie ’n geweldige impak op die onderwysstelsel het. Theron (2005:56), van die Noordwes-Universiteit se Vaaldriehoek Kampus het ’n navorsingstudie onderneem om die impak van die MIV- en VIGS-pandemie op onderwysers te bepaal, asook hoe dit die onderwysers se weerstand teen die MIV- en VIGS-pandemie affekteer. Die REds-bemagtigingsprogram (Resilient Educators Support Programme) is vanuit die navorsing ontwikkel. Die program fokus op onderwysers wat deur die MIV- en VIGS-pandemie geaffekteer word.

Die resultate wat deur die aanbied van die REds-bemagtigingsprogram verkry is, sal in hierdie artikel weergegee en geevalueer word.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Die MIV- en VIGS-pandemie se geweldige negatiewe uitwerking op die onderwysstelsel word weerspieël in die hoë sterftesyfer onder onderwysers; onderwysers wat as gevolg van die pandemie nie meer ’n inkomste kan verdien nie, en kinders wat nie skool bywoon nie as gevolg daarvan dat hul na familielede omsien wat gebuk gaan onder die pandemie (Squire, 2007:18). Fourie (2006:31) wys ook daarop dat die pandemie ’n geweldige negatiewe uitwerking op verskeie sisteme van ’n land, byvoorbeeld onderwys, gesondheid en ekonomie het.

Dit is duidelik dat die MIV- en VIGS-pandemie ’n definitiewe, negatiewe invloed op die onderwysstelsel het. Onderwysers word dus op die een of ander wyse deur die MIV- en VIGS-pandemie geraak. Indirek het dit dus ook ’n uitwerking op leerders by skole.

Theron (2005:56) meld verskillende wyses waarop die MIV- en VIGS-pandemie die onderwysstelsel saboteur, naamlik: sterftes onder onderwysers; ’n afname in die kwaliteit van onderwys, ’n afname in die vraag na onderwys en die onderwys sektor se koste is hoog as gevolg van die gebruik van substituut- en tydelike onderwysers. Die skrywer meld voorts dat onderwysers bemagtig moet word om weerstand te kan bied teen die invloede van die pandemie.

As gevolg van bogenoemde redes is die REds-bemagtigingsprogram deur Theron (2005:56) ontwikkel. Die program fokus op lewensoriëntering-onderwysers wat geaffekteer word deur die MIV- en VIGS-pandemie en was alreeds geïmplementeer in drie provinsies, naamlik Gauteng, Noord-Wes en die Vrystaat. Kwessies wat deur die program aangespreek word, is:

- MIV– en VIGS,
- Ondersteuning en hulpbronne,
- Stigma,
- Stres,
- Beleid ten opsigte van MIV– en VIGS, en
- Weerstand.

Die groepwerkprogram was aangebied vir 15 lewensoriëntering-onderwysers van Esokwazi Secondary School vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng. Ten einde lewensoriëntering-onderwysers te ondersteun en te leer om met veerkragtigheid die epidemie te benader, het die volgende navorsingsvraag ontwikkel:

- Wat is die uitkoms van die REds-bemagtigingsprogram wat vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng, aangebied is.

## 3. DOEL

Die doel van die artikel is om die REds-bemagtigingsprogram te evalueer, soos toegepas op lewensoriëntering-onderwysers vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng.

## 4. NAVORSINGSMETODE

Vervolgens 'n bespreking van die navorsingsmetode wat benut is.

### 4.1 Evalueringsnavorsingsmodel

Die evalueringsnavorsingsmodel word gebruik, aangesien die REds-bemagtigingsprogram, 'n reeds bestaande program, geëvalueer word op grond van die doeltreffendheid van die program en om moontlike verbeteringe ten opsigte van die program te bewerkstellig. Die evalueringsnavorsingmodel verwys na 'n

prosedure wat op ’n sistematiese wyse, ondersoek instel na die effektiwiteit van maatskaplike intervensie programme, ten einde maatskaplike toestande te verbeter (Babbie & Rubin, 2010:42-43; Rossi et al., 2004:16).

## 4.2 Navorsingsontwerp

Daar word van beide die verkennende en beskrywende navorsingsontwerp gebruik gemaak. Volgens Grinnell en Unrau (2008:18-21) is die doel van die beskrywende navorsingsontwerp om die werklikheid of inligting te beskryf en is dit baie effektief om te benut wanneer ’n navorsingsonderwerp relatief nuut is. In die geval wat daar ’n spesifieke aspek van ’n bekende onderwerp is waaroor min inligting bestaan (soos depresse by vigspasiënte), kan hipoteses vir verder ondersoek uit die ondersoek geformuleer word.

Die empiriese ondersoek maak gebruik van beide die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsparadigma betreffende die insameling van inligting. Fouché en Delport (2005:74) beskou kwalitatiewe navorsing as navorsing wat deelnemers se ervarings, betekenis en persepsies beskryf. Die kwantitatiewe navorsingsontwerp verwys dus na verduidelikings van hoe mense sekere situasies ervaar of beleef. Die doel is dus om menslike gedrag te evalueer en te beheer (Fouché & Delport 2005:73).

Aangesien daar van beide die kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsingsontwerp gebruik gemaak word, sal die gekombineerde of gemengde benadering gevolg word. Creswell (2009:203) meld dat die gekombineerde benadering die sterktes van beide die kwalitatiewe- en kwantitatiewe benadering, benut.

Die strategie wat vanuit die gekombineerde benadering gevolg sal word is die gelyktydige getrianguleerde strategie aangesien beide kwantitatiewe- en kwalitatiewe data ingevorder word en vergelyk word. Nadat die data vergelyk is, kan die navorser bepaal of daar verskille of vergelykings is wat in die data voorkom. Creswell (2009:213) meld in dié verband dat aparte kwantitatiewe - en kwalitatiewe benaderings gevolg word, maar die doel is om die data van albei benaderings te integreer, ten einde triangulering van data te verkry. De Vos (2005:361) meld die volgende oor triangulering: “*Thus the concept of triangulation is sometimes used to designate a conscious combination of quantitative and qualitative methodology*”.

## 4.3 Deelnemers en tydsduur

’n Doelgerigte steekproef is benut waar die navorser self skole geïdentifiseer het. Esokwazi Secondary School vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng, is geïdentifiseer, waarvan 15 lewensoriëntering-onderwysers oorspronklik betrek is by die navorsing. Esokwazi Secondary School is geïdentifiseer, aangesien die navorser bekend was met die skool, die meeste onderwysers in die skool die vak lewensoriëntering as vak aanbied en die meeste onderwysers van die skool versoek het om aan die navorsing deel te neem. Slegs 11 deelnemers het enduit die program meegemaak.

Die navorsing was uitgevoer vanaf Mei 2008 tot 10 Oktober 2008.

## 4.4 Meetinstrumente

Die meetinstrumente wat benut is, is die volgende:

### 4.4.1 Voor-toets

Die ProQOL-vraelys (Stamm, 2005a) is as kwantitatiewe meetinstrument benut. Dit is voor die aanvang van die groepbyeenkomste deur die respondente voltooi, om die respondente se werksbevrediging en werksomstandighede te bepaal. Die ProQOL-vraelys verwys na die Professional Quality of Life Screening questionnaire (Stamm, 2005b). Onvoltooide sinne wat deur die respondente voltooi is, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om die respondente se toekomsverwagtinge te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut.

Tekeninge wat deur die respondente voltooi is, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om die effek van die MIV- en VIGS-pandemie op elke respondent se lewe te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut. ’n Gestruktureerde individuele onderhoudskedule met elke respondent, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om hul ervaring ten opsigte van die effek van die MIV- en VIGS-pandemie op hul dienslewering te bepaal, is ook as kwalitatiewe meetinstrument benut.

### 4.4.2 Na-toets

Die ProQOL-vraelys (Stamm, 2005a) wat na afloop van die groepbyeenkomste deur die respondente ingevul is om hul werksbevrediging en werksomstandighede te bepaal, is as kwantitatiewe meetinstrument benut. Onvoltooide sinne wat na afloop van die groepbyeenkomste deur die respondente ingevul is om die respondente se toekomsverwagtinge te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut.

Tekeninge wat na afloop van die groepbyeenkomste deur die respondente voltooi is, om die uitwerking van die MIV- en VIGS-pandemie op elke respondent se lewe te bepaal, is as kwalitatiewe meetinstrument benut. Refleksiestate wat na afloop van elke groepbyeenkoms deur elke respondent ingevul is, om te bepaal of die respondente enige baat gevind het by die groepbyeenkoms en wat hulle sou verander rakende die groepbyeenkoms, is as kwalitatiewe meetinstrument benut.

Die evaluering van die assistent-terapeut se notas wat tydens elke groepbyeenkoms afgeneem is, is as kwalitatiewe meetinstrument benut. Opvolg onderhoudvoering met respondente ongeveer 2 tot 3 maande na afloop van die REds-bemagtigingsprogram.

### 4.4.3 Betroubaarheid, geldigheid en geloofwaardigheid van navorsing

Data behoort altyd betroubaar, geldig en geloofwaardig te wees. Skrywers soos Anastasi en Urbina (1997:84,113); De Vos (2005:162); Pietersen en Maree (2007:215) meld dat betroubaarheid daarop wys dat meetinstrumente konsekwent en stabiel moet wees wanneer dit op verskillende tye en omstandighede benut of getoets word. Geldigheid dui daarop dat die meetinstrument moet kan meet wat dit veronderstel is om te meet. Babbie en Mouton (2008:122) meld dat die meetinstrument die werklike betekenis van die konsep moet aandui of toets. Die ProQOL is ’n reeds bestaande, gestandaardiseerde toets waarvan toetsing gebaseer is op ’n wye verskeidenheid van konsepte soos:

- ❖ Respondente se vlak van werksbevrediging en om hul werksomstandighede te bepaal,
- ❖ Om die effek van die MIV- en VIGS-pandemie op elke respondent se lewe te bepaal,

- ❖ Respondente se ervaring ten opsigte van die MIV- en VIGS-pandemie op hul dienslewering te bepaal, en
- ❖ Respondente se toekomsverwagting te bepaal.
- ❖ Het die respondente enige baat gevind by die groepbyeenkomste en wat hul sou verander rakende die groepbyeenkomste (Stamm, 2005b:9).
- ❖ Lincoln en Guba (1985:218) wys daarop dat geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, en konformeerbaarheid gesien kan word as aannames van betroubaarheid.
- ❖ Geloofwaardigheid.

Verwys na ’n in-diepte beskrywing van die veranderlikes en interaksie. ’n In-diepte beskrywing van die REds-bemagtigingsprogram word verskaf deurdat die resultate van die groepwerk en kwalitatiewe data verkry, weergegee word.

De Vos (1998:345-347); Grinnell en Unrau (2008:403) en Babbie en Rubin (2010:231) omskryf geloofwaardigheid as ’n proses waar data analise, bevindings en gevolgtrekkings getoets word. Tydens die navorsing is ’n verskeidenheid van kwalitatiewe meetinstrumente benut. Die navorser, assistent-terapeut en deelnemers het gehelp om antwoorde en nie-verbale kommunikasie te interpreteer.

- ❖ Oordraagbaarheid

Die term verwys na die oordraagbaarheid van die data na ander gemeenskappe of individue. Die aanbied van die program was beperk tot ’n klein aantal lewensoriëntering-onderwysers, dus is oordraagbaarheid beperk. Resultate verkry is dus deeglik bespreek en triangulering is benut om ooreenkomste in data te vind.

- ❖ Bevestigbaarheid

Die term verwys na objektiwiteit. Objektiewe analise van data, sowel as akkurate bekendmaking van navorsing bevindings is gevolg (Babbie & Mouton, 2010:276-277; Strydom, 2005:347). Die prosedure, soos uiteengesit deur die projekleier en studieleier, is gevolg.

- ❖ Betroubaarheid

Verwys daarna dat data korrek en geloofwaardig moet wees. Direkte aanhalings is benut tydens die weergee van kwalitatiewe resultate om te verseker dat data korrek

en geloofwaardig is. Objektiwiteit is verhoog deurdat ’n assistent-terapeut benut is tydens die navorsing.

## 4.5 Navorsingsprosedure

‘n Verskeidenheid skole in Evaton is genader. Die skoolhoofde moes besluit of hul bereid is om die lewensoriëntering-onderwysers toe te laat om aan die navorsing deel te neem. Slegs een skool, naamlik Esokwazi Secondary School vanuit Evaton, in die Vaaldriehoek, Gauteng, is betrek by die navorsing, aangesien ’n groot aantal lewensoriëntering-onderwysers van hierdie skool wou deelneem aan die navorsing. Die meeste onderwysers by Esokwazi Secondary School bied lewensoriëntering aan en het gemeld dat hul benadeel sal word deur nie die kans gegun te word om deel te neem aan die navorsing nie. Hul het versoek dat daar gebruik gemaak word van onderwysers van hul skool om die navorsing te voltooi.

Die skoolhoof het die lewensoriëntering-onderwysers se name verstrek. ’n Lokaal is by die skool verkry en ’n programbeplanning is aan elke respondent verskaf. Daar is ook saam met elke respondent op ’n tydskedule besluit (Mei 2008 tot September 2008).

## 4.6 Etiese aspekte

Volgens Babbie en Rubin (2010:256) is dit belangrik dat elke navorser bewus moet wees van wat aanvaarbaar en onaanvaarbaar in die wetenskaplike navorsingsproses is. Vervolgens word enkele etiese aspekte gemeld wat tydens die navorsingsproses in gedagte gehou moet word:

❖ Etiese besluitneming

Elke respondent het ’n toestemmingsvorm en vrywaring onderteken om aan die navorsing deel te neem.

❖ Ingeligte toestemming

Respondente was ingelig waaroor die navorsing handel en hulle het ook vrywilliglik aan die navorsing deelgeneem.

❖ Skade aan proefpersone

Respondente was voorberei oor die aard van die navorsing. Elke respondent het ’n volledige handleiding ontvang en kon dus besluit of hulle aan die ondersoek wou deelneem.

❖ Misleiding van proefpersone

Respondente was voor die aanvang van die groepbyeenkomste ingelig oor die aard van die navorsing, en wat van hul verwag sou word. Dus was daar nie sprake van misleiding nie.

❖ Skending van privaatheid

Groepbyeenkomste was oorspronklik in ’n klaskamer en daarna in die personeelkamer van die skool gehou, dus was daar geen inbreuk gemaak op die respondente se privaat wonings nie. Die respondente was ook nooit tuis besoek nie en is slegs tydens sessies by die skool betrek.

❖ Optrede en bekwaamheid van navorser

Die navorser het gepoog om te alle tye objektief, nie-veroordelend en sensitief te wees. Respek is getoon vir kulturele diversiteit. Navorsing was voltooi aan die hand van die handleiding wat verskaf is ten opsigte van die REds-bemagtigingsprogram.

❖ Samewerking met medewerkers

Die assistent-terapeut, me. Elizabeth Uys, is voor die aanvang van die navorsing deeglik ingelig oor die aard en omvang van die navorsing, sowel as haar rol en verantwoordelikhede.

❖ Bekendmaking van bevindings

Die prosedure, soos uiteengesit deur die projekleier en studieleier was gevolg. Die verslag word geskoei op die bevindinge van die navorsing en terugvoer oor die program is aan die respondente gegee.

❖ Herstel van respondente

’n Opvolgbesoek was beplan vir 3 maande na afhandeling van die navorsing, maar die respondente het te kenne gegee dat hulle voel ’n opvolgbesoek nie nodig is nie.

## 4.7 Data analise

Die volgende kwantitatiewe– en kwalitatiewe data analises is voltooi:

### 4.7.1 Kwantitatiewe data analise

Rekenaarverwerking van data geskied deur gebruik te maak van die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit. Grinnell en Unrau (2008:554) beskryf kwantitatiewe data as data wat ’n kwantiteit of ’n getal meet.

Babbie en Rubin (2010:290) meld dat die fokus tydens kwantitatiewe data analise beperk is tot die data wat ingesamel is oor die spesifieke navorsing. Die doel van kwantitatiewe navorsing is om ’n gevolgtrekking te maak oor ’n spesifieke onderwerp. Kwantitatiewe data analise vereis dat data in syfers of kodes verwerk word en in tabelle weergegee word.

Die volgende meetinstrumente is benut ten opsigte van die kwantitatiewe data analise:

- ❖ Die ProQOL-vraelys (Stamm, 2005a) wat deur die respondente voltooi is voor die aanvang van die groepbyeenkomste, sowel as na afloop van die groepbyeenkomste, om die respondente se werksbevrediging en werksomstandighede te bepaal.

### 4.7.2 Kwalitatiewe data analise

Grinnell en Unrau (2008: 554) beskryf kwalitatiewe data as data wat kwaliteit meet en verwys na studies van onderwerpe wat moeilik kwantifiseerbaar is.

Kwalitatiewe data analise word deur Babbie en Rubin (2010:342) omskryf as die evaluasie van gedrag om verduidelikings en patrone van gedrag in kwalitatiewe navorsing te ontdek. Kwalitatiewe data analise word gedoen deur inligting in temas en sub-temas temas te verwerk. Onderhoude is getranskribeer. Oorspronklike voltooide skedules is verwerk en afskrifte is ook daarvan gemaak. Inligting is ook volgens groepbyeenkoms datums gesorteer en in ’n lêer geplaas.

Die volgende meetinstrumente is benut ten opsigte van die kwalitatiewe data analise:

- ❖ Onvoltooide sinne wat deur die respondente voltooi is, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, sowel as na afloop van die groepbyeenkomste, om die respondente se toekomsverwagtinge te bepaal,
- ❖ Tekeninge wat deur die respondente voltooi is, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, sowel as na afloop van die groepbyeenkomste, om die effek van die MIV- en VIGS-pandemie op elke respondent se lewe te bepaal,
- ❖ ’n Gestruktureerde individuele onderhoudskedule met elke respondent, voor die aanvang van die groepbyeenkomste, om hul ervaring ten opsigte van die effek van die MIV- en VIGS-pandemie op hul dienslewering te bepaal,
- ❖ Refleksiestate wat na afloop van elke groepbyeenkoms deur elke respondent ingevul is, om te bepaal of die respondente enige baat gevind het by die groepbyeenkoms en wat hulle sou verander rakende die groepbyeenkoms, en
- ❖ Die evaluering van die assistent-terapeut se notas wat tydens elke groepbyeenkoms afgeneem is.

## 5. STERKTE BENADERING

Die aard en inhoud van die REds-bemagtigingsprogram het ten doel om lewensoriëntering-onderwysers te ondersteun en te leer om met veerkragtigheid die epidemie te hanteer, dus om hul te bemagtig. Die sterkte benadering is gevolg om sodoende bogenoemde oorhoofse doel te bereik. Volgens die sterkte benadering word gefokus op persone se sterktes om hul sodoende te bemagtig. Toseland en Rivas (2009:140-141) meld in dié verband dat alle persone sekere sterktes het en dat op hul sterktes gefokus moet word om hul sodoende te bemagtig.

Zastrow (2009:213-214) verwys na die sterkte benadering as pogings wat aangewend word om die sterktes en potensiaal van persone te identifiseer, te benut, uit te bou en te versterk. Du Bois en Miley (2005:26-27) verduidelik dat op die persone se sterktes gefokus moet word ten einde tekortkominge of probleme te oorkom.

Skrywers soos Blundo (2001:302), Lee (2003:386-387), Schatz en Flagler (2004:64), sowel as Stutterheim en Weyers (2004:8-9) meld dat die sterkte benadering op sekere beginsels gebaseer is, naamlik:

- ❖ Alle individue, groepe en gemeenskappe beskik oor sterktes,
- ❖ Alle gemeenskappe beskik oor hulpbronne, byvoorbeeld klinieke en hospitale, en
- ❖ In die bemagtigingsproses is elke persoon verantwoordelik vir sy eie sukses.

Bemagtiging het plaasgevind deur die spesifieke temas wat tydens die 9 modules met die lewensoriëntering-onderwysers bespreek was. Alle respondente het aktief deelgeneem aan die bemagtigingsproses, deur middel van die besprekings wat plaasgevind het tydens elke groepbyeenkoms.

## 6. BEVINDINGE

Vervolgens ’n bespreking van die navorsing bevindinge.

Rekenaarverwerking van data geskied deur gebruik te maak van die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit. Grinnell en Unrau (2008:554) beskryf kwantitatiewe data as data wat ’n kwantiteit of ’n getal meet.

Babbie en Rubin (2010:290) meld dat die fokus tydens kwantitatiewe data analise beperk is tot die data wat ingesamel is oor die spesifieke navorsing. Die doel van kwantitatiewe navorsing is om ’n gevolgtrekking te maak oor ’n spesifieke onderwerp. Kwantitatiewe data analise vereis dat data in syfers of kodes verwerk word en in tabelle weergegee word.

Die volgende analises is voltooi:

- ❖ Frekwensie-analise en beskrywende statistieke,
- ❖ Grafiese voorstelling van frekwensies, en
- ❖ Parametriese– en nie-parametriese toetse om voor- en na-toetse se gemiddeldes te vergelyk.

Die volgende pakket is benut tydens die ontleding van die kwantitatiewe data:

- ❖ SPSS (SPSS Inc, 2009), en
- ❖ Microsoft Excel 2007.

## 6.1 ProQOL

Die Wilcoxen rangsomtoets (nie-parametriese toets) en die gepaarde t-toets (parametriese toets) is gebruik om te bepaal of daar statitsitese betekenisvolle verskille tussen die voor- en natoetse is. P-waardes is gebruik om ’n aanduiding te gee of die gemiddeldes van die twee groepe statisties betekenisvol verskil.

Wanneer die p-waarde kleiner is as 0.05, toon die data ’n statistiese betekenisvolle verskil op die 5% betekenispeil . Tabel 1 en 2 toon dat die P-waardes en statisties betekenisvolle verskille is slegs van toepassing wanneer data ewekansig uit die populasie verkry is en veralgemenings na die populasie daarom gemaak kan word. In hierdie studie is daar nie van ’n ewekansige steekproef gebruik gemaak nie, wat beteken dat p-waardes in werklikheid nie gebruik kan word nie. Effekgroottes, wat toets vir prakties betekenisvolle verskille vir die spesifieke groep mense wat bestudeer is (sonder die motief van veralgemening na die populasie), kan wel gebruik word (Ellis & Steyn, 2003:51-53). In die rapportering van hierdie studie het ons p-waardes ingesluit ter wille van volledigheid, maar vir die doel van interpretasie moet die klem op effekgroottes en praktiese betekenisvolle verskille val.

Die volgende effekgroottes is gebruik: Cohen se d-waarde (Cohen, 1988) by die gepaarde t-toets en die r-waarde by die Wilcoxen rangsomtoets (Field, 2009:550). Tabel 1 en 2 toon die volgende vrae, wat aanduidend is tot betekenisvolle groei, ten opsigte van die d-waarde en die r-waarde:

**TABEL 1: FREKWENSIES EN BESKRYWENDE STATISTIEK**

Die tabel dui die gemiddelde antwoorde aan van die aantal respondente wat die spesieke vrae beantwoord het. Tydens die voor-toets en die na-toets is dieselfde vrae gevra en dus kan ‘n duidelike aanduiding verkry word van afwykings in die keuses van antwoorde. Slegs respondente wat wel die vrae beantwoord het se data is in berekening gebring.

| VOOR-TOETS | | | | | | | | | NA-TOETS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| VRAAG | AANTAL | NEVER (1) | NOT OFTEN (2) | QUITE OFTEN (3) | OFTEN (4) | VERY OFTEN (5) | GEMIDDELD | STANDAARD AFWYKING | AANTAL | NEVER (1) | NOT OFTEN (2) | QUITE OFTEN (3) | OFTEN(4) | VERY OFTEN (5) | GEMIDDELD | STANDAARD |
| 1 | 14 | 0 | 14.3 | 7.1 | 28.6 | 50 | 4.14 | 1.099 | 11 | 0 | 0 | 27.3 | 36.4 | 36.4 | 4.09 | .831 |
| 2 | 14 | 21.4 | 21.4 | 7.1 | 35.7 | 14.3 | 3.00 | 1.468 | 11 | 27.3 | 18.2 | 36.4 | 18.2 | 0 | 2.45 | 1.128 |
| 3 | 14 | 0 | 0 | 21.4 | 42.9 | 35.7 | 4.14 | 1.770 | 11 | 0 | 0 | 18.2 | 45.5 | 36.4 | 4.18 | .751 |
| 4 | 14 | 0 | 7.1 | 14.3 | 64.3 | 14.3 | 3.86 | 1.770 | 11 | 0 | 9.7 | 18.2 | 27.3 | 45.5 | 4.09 | 1.044 |
| 5 | 14 | 57.1 | 28.6 | 0 | 14.3 | 0 | 1.71 | 1.069 | 11 | 9.1 | 54.5 | 27.3 | 9.1 | 0 | 2.36 | .809 |
| 6 | 14 | 0 | 14.3 | 14.3 | 57.1 | 14.3 | 3.71 | 0.914 | 11 | 0 | 0 | 9.1 | 54.5 | 36.4 | 4.27 | .647 |
| 7 | 14 | 28.6 | 57.1 | 7.1 | 7.1 | 0 | 1.93 | 0.829 | 11 | 18.2 | 54.5 | 18.2 | 9.1 | 0 | 2.18 | .874 |
| 8 | 14 | 42.9 | 35.7 | 14.3 | 7.1 | 0 | 1.86 | 0.949 | 11 | 45.5 | 36.4 | 9.1 | 9.1 | 0 | 1.82 | .982 |
| 9 | 14 | 21.4 | 35.7 | 21.4 | 14.3 | 7.1 | 2.50 | 1.225 | 11 | 27.3 | 36.4 | 18.2 | 9.1 | 9.1 | 2.36 | 1.286 |
| 10 | 14 | 28.6 | 50.0 | 7.1 | 14.3 | 0 | 2.07 | 0.997 | 11 | 45.5 | 36.4 | 0 | 18.2 | 0 | 1.91 | 1.136 |
| 11 | 14 | 28.6 | 21.4 | 28.6 | 21.4 | 0 | 2.43 | 1.158 | 11 | 27.3 | 36.4 | 27.3 | 9.1 | 0 | 2.18 | .982 |
| 12 | 14 | 0 | 0 | 21.4 | 35.7 | 42.9 | 4.21 | 0.802 | 11 | 0 | 0 | 9.1 | 36.4 | 54.5 | 4.45 | .688 |
| 13 | 14 | 28.6 | 50.0 | 14.3 | 7.1 | 0 | 2.00 | 0.877 | 11 | 36.4 | 36.4 | 27.3 | 0 | 0 | 1.91 | .831 |
| 14 | 14 | 21.4 | 64.3 | 7.1 | 7.1 | 0 | 2.00 | 0.784 | 11 | 54.5 | 27.3 | 18.2 | 0 | 0 | 1.64 | .809 |
| 15 | 14 | 7.1 | 7.1 | 14.3 | 42.9 | 28.6 | 3.79 | 1.188 | 11 | 0 | 10.0 | 40.0 | 30.0 | 20.0 | 3.60 | .966 |
| 16 | 14 | 14.3 | 14.3 | 28.6 | 42.9 | 0 | 3.00 | 1.109 | 11 | 0 | 27.3 | 27.3 | 27.3 | 18.2 | 3.36 | 1.120 |
| 17 | 14 | 7.1 | 7.1 | 14.3 | 35.7 | 35.7 | 3.86 | 1.231 | 11 | 0 | 9.1 | 18.2 | 63.6 | 9.1 | 3.73 | .786 |
| 18 | 14 | 0 | 21.4 | 7.1 | 42.9 | 28.6 | 3.79 | 1.122 | 11 | 0 | 9.1 | 9.1 | 45.5 | 36.4 | 4.09 | .944 |
| 19 | 14 | 7.1 | 42.9 | 21.4 | 14.3 | 14.3 | 2.86 | 1.231 | 11 | 18.2 | 18.2 | 36.4 | 18.2 | 9.1 | 2.82 | 1.250 |
| 20 | 14 | 7.1 | 0 | 14.3 | 50.0 | 28.6 | 3.93 | 1.072 | 11 | 0 | 9.1 | 18.2 | 36.4 | 36.4 | 4.00 | 1.000 |
| 21 | 14 | 0 | 28.6 | 14.3 | 42.9 | 14.3 | 3.43 | 1.089 | 11 | 9.1 | 36.4 | 36.4 | 18.2 | 0 | 2.64 | .924 |
| 22 | 14 | 0 | 7.1 | 28.6 | 35.7 | 28.6 | 3.86 | 0.949 | 11 | 0 | 0 | 36.4 | 36.4 | 27.3 | 3.91 | .831 |

| VOOR-TOETS | | | | | | | | | NA-TOETS | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VRAAG** | **AANTAL** | **NEVER (1)** | **NOT OFTEN (2)** | **QUITE OFTEN (3)** | **OFTEN (4)** | **VERY OFTEN (5)** | **GEMIDDELD** | **STANDAARD AFWYKING** | **AANTAL** | **NEVER (1)** | **NOT OFTEN (2)** | **QUITE OFTEN (3)** | **OFTEN(4)** | **VERY OFTEN (5)** | **GEMIDDELD** | **STANDAARD** |
| 23 | 14 | 42.9 | 42.9 | 0 | 7.1 | 7.1 | 1.93 | 1.207 | 11 | 36.4 | 36.4 | 9.1 | 18.2 | 0 | 2.09 | 1.136 |
| 24 | 14 | 7.1 | 14.3 | 21.4 | 21.4 | 35.7 | 3.64 | 1.336 | 11 | 0 | 36.4 | 18.2 | 18.2 | 27.3 | 3.36 | 1.286 |
| 25 | 14 | 50.0 | 35.7 | 7.1 | 7.1 | 0 | 1.71 | 0.914 | 11 | 27.3 | 54.5 | 9.1 | 9.1 | 0 | 2.00 | .894 |
| 26 | 14 | 14.3 | 28.6 | 7.1 | 28.6 | 21.4 | 3.14 | 1.460 | 11 | 18.2 | 18.2 | 27.3 | 9.1 | 27.3 | 3.09 | 1.514 |
| 27 | 14 | 0 | 14.3 | 28.6 | 21.4 | 35.7 | 3.79 | 1.122 | 11 | 9.1 | 18.2 | 27.3 | 9.1 | 36.4 | 3.45 | 1.440 |
| 28 | 14 | 21.4 | 35.7 | 35.7 | 0 | 7.1 | 2.36 | 1.082 | 11 | 36.4 | 27.3 | 18.2 | 18.2 | 0 | 2.18 | 1.168 |
| 29 | 14 | 14.3 | 21.4 | 28.6 | 21.4 | 14.3 | 3.00 | 1.301 | 11 | 36.4 | 18.2 | 27.3 | 0 | 18.2 | 2.45 | 1.508 |
| 30 | 14 | 0 | 7.1 | 7.1 | 42.9 | 42.9 | 4.21 | 0.893 | 11 | 0 | 0 | 18.2 | 36.4 | 45.5 | 4.27 | .786 |

**TABEL 2: STATISTIESE TOETSE WAT TOETS OF VOOR- EN NA-TOETSE SE GEMIDDELDES GELYK IS**

| VRAAG | GEMIDDELD | | STANDAARD-AFWYKING | | PARAMETRIESE TOETS | | | NIE-PARAMETRIESE TOETS | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | VOOR-TOETS | NA-TOETS | VOOR-TOETS | NA-TOETS | t | p | d | z | p | r |
| 1 | 4.18 | 4.09 | 0.982 | 0.831 | 0.209 | 0.839 | 0.093 | -0.345 | 0.73 | -0.074 |
| 2 | 3.18 | 2.45 | 1.471 | 1.128 | 1.234 | 0.245 | 0.494 | -1.19 | 0.234 | -0.254 |
| 3 | 4 | 4.18 | 0.775 | 0.775 | -0.69 | 0.506 | -0.235 | -0.707 | 0.48 | -0.151 |
| 4 | 3.73 | 4.09 | 0.786 | 1.044 | -1.077 | 0.307 | -0.348 | -1.1 | 0.271 | -0.235 |
| 5 | 1.55 | 2.36 | 0.934 | 0.809 | -1.936 | 0.082 | -0.876 | -1.638 | 0.101 | -0.349 |
| 6 | 3.55 | 4.27 | 0.934 | 0.647 | -1.896 | 0.087 | -0.778 | -1.725 | 0.084 | -0.368 |
| 7 | 1.73 | 2.18 | 0.647 | 0.874 | -1.336 | 0.211 | -0.52 | -1.289 | 0.197 | -0.275 |
| 8 | 1.73 | 1.82 | 1.009 | 0.928 | -0.232 | 0.821 | -0.09 | -0.108 | 0.914 | -0.023 |
| 9 | 2.36 | 2.36 | 1.286 | 1.286 | 0 | 1 | 0 | -0.061 | 0.952 | -0.013 |
| 10 | 2.09 | 1.91 | 1.136 | 1.136 | 0.303 | 0.768 | 0.16 | -0.359 | 0.72 | -0.077 |
| 11 | 2.27 | 2.18 | 1.191 | 0.982 | 0.232 | 0.821 | 0.076 | -0.144 | 0.885 | -0.031 |
| 12 | 4.09 | 4.45 | 0.831 | 0.688 | -1.305 | 0.221 | -0.437 | -1.3 | 0.194 | -0.277 |
| 13 | 1.82 | 1.91 | 0.874 | 0.831 | -0.319 | 0.756 | -0.104 | -0.333 | 0.739 | -0.071 |
| 14 | 1.73 | 1.64 | 0.467 | 0.809 | 0.363 | 0.724 | 0.112 | -0.378 | 0.705 | -0.081 |
| 15 | 3.6 | 3.6 | 1.35 | 0.966 | 0 | 1 | 0 | -0.061 | 0.952 | -0.013 |
| 16 | 2.73 | 3.36 | 1.104 | 1.12 | -1.295 | 0.224 | -0.568 | -1.165 | 0.244 | -0.248 |
| 17 | 4 | 3.73 | 1 | 0.786 | 0.76 | 0.465 | 0.273 | -0.632 | 0.527 | -0.135 |
| 18 | 3.64 | 4.09 | 1.12 | 0.944 | -0.86 | 0.41 | -0.406 | -0.85 | 0.395 | -0.181 |
| 19 | 2.91 | 2.82 | 1.375 | 1.25 | 0.247 | 0.81 | 0.066 | -0.2 | 0.803 | -0.053 |
| 20 | 3.82 | 4 | 1.168 | 1 | -0.41 | 0.69 | -0.156 | 0 | 1 | 0 |
| 21 | 3.73 | 2.64 | 1.009 | 0.924 | 2.631 | 0.025 | 1.081 | -2.209 | 0.027 | -0.471 |
| 22 | 3.64 | 3.91 | 0.924 | 0.831 | -0.82 | 0.432 | -0.295 | -0.791 | 0.429 | -0.169 |
| 23 | 1.73 | 2.09 | 1.191 | 1.136 | -0.77 | 0.459 | -0.305 | -0.69 | 0.49 | -0.147 |
| 24 | 3.55 | 3.36 | 1.44 | 1.286 | 0.516 | 0.617 | 0.126 | -0.333 | 0.739 | -0.071 |
| 25 | 1.55 | 2 | 0.934 | 0.894 | -1.102 | 0.296 | - | -1.035 | 0.301 | - |

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | 0.487 | | | 0.221 |
| 26 | 3.27 | 3.09 | 1.555 | 1.514 | 0.303 | 0.768 | 0.117 | -0.283 | 0.777 | -0.06 |
| 27 | 3.73 | 3.45 | 1.191 | 1.44 | 0.504 | 0.625 | 0.189 | -0.496 | 0.62 | -0.106 |
| 28 | 2 | 2.18 | 0.775 | 1.168 | -0.482 | 0.64 | -0.156 | -0.302 | 0.763 | -0.064 |
| 29 | 2.82 | 2.45 | 1.328 | 1.508 | 0.559 | 0.588 | 0.241 | -0.673 | 0.501 | -0.143 |
| 30 | 4.18 | 4.27 | 0.982 | 0.786 | -0.209 | 0.839 | -0.093 | -0.086 | 0.931 | -0.018 |

| | | |
|---|---|---|
| | p<0.05 | Statistiese betekenisvolle verskil. Parametries- en nie-parametriese toets |
| | d=0.2 | Klein effek, nie prakties betekenisvolle verskil nie. Parametriese toets |
| | d=0.5 | Medium effek, praktiese sigbare verskil. Parametriese toets |
| | d=0.8 | Groot effek, praktiese betekenisvolle verskil. Parametriese toets |
| | r=0.1 | Klein effek, nie prakties betekenisvolle verskil nie. Nie-parametriese toets |
| | r=0.3 | Medium effek, praktiese sigbare verskil. Nie-parametriese toets |
| | r=0.5 | Groot effek, prakties betekenisvolle verskil. Nie-parametriese toets |

Vervolgens word die vrae bespreek waar betekenisvolle groei plaasgevind het:

Vraag 2: *I am worried about more than one person I help.*

Tydens die voor-toets was daar respondente wat aangedui het dat hulle dikwels bekommerd is oor persone wat hul help. Tydens die na-toets was daar 'n duidelike afname in dié getal. Die d-waarde van die parametriese toets en r-waarde van die nie-parametriese toets toon albei 'n medium effek, praktiese sigbare verskil.

Vraag 5: I jump or am nervous when hearing unexpected sounds.

Tydens die voor-toets was daar respondente wat aangedui het dat hulle dikwels die bogenoemde ervaar. Tydens die na-toets was daar 'n duidelike afname in die getal respondente wat dikwels gespanne was of geskrik het wanneer hul 'n onverwagse geluid gehoor het, dus kan duidelike groei bespeur word. Die d-waarde van die parametriese toets toon 'n groot effek, prakties betekenisvolle verskil, terwyl die r-waarde van die nie-parametriese toets 'n medium effek, praktiese sigbare verskil toon.

Vraag 6: I feel re-energized after working with those I help.

Tydens die voor-toets het ’n groot aantal respondente aangedui dat hulle dikwels so voel. Tydens die na-toets het hulle steeds aangedui dat hul dikwels so voel, maar was daar ’n sterk groei in die getal respondente wat ‘baie dikwels’ so voel. Vanaf 14.3% tydens die voor-toets, na 36.4% tydens die na-toets. Die d-waarde van die parametriese toets toon ’n groot effek, prakties betekenisvolle verskil, terwyl die r-waarde van die nie-parametriese toets ’n medium effek, praktiese sigbare verskil toon.

Vraag 7: I find it difficult to seperate my personal life from my life as helper.

Die meerderheid respondente het tydens die voor-toets aangedui dat hul dit nie dikwels moeilik vind nie. Tydens die na-toets was daar ’n effense afname in die getal, maar het hul steeds dieselfde gevoel. Die d-waarde van die parametriese toets toon ’n medium effek, praktiese sigbare verskil, terwyl die r-waarde van die nie-parametriese toets ook ’n medium effek, praktiese sigbare verskil toon.

Vraag 12: I like my work.

Tydens die voor-toets het die meerderheid respondente aangedui dat hulle baie dikwels van hul werk hou. Tydens die na-toets het die meerderheid respondente weereens aangedui dat hulle baie dikwels van hul werk hou en het die getal respondente selfs verhoog. Die d-waarde van die parametriese toets en r-waarde van die nie-parametriese toets toon albei ’n medium effek, praktiese sigbare verskil.

Vraag 16: I know how to use different helping techniques.

Tydens die voor-toets het 14.3% respondente aangedui dat hul nie weet hoe om verskillende hulpvaardigheidstegnieke aan te wend nie en toon die respondente duidelike groei deurdat alle respondente aangedui het dat hul wel weet hoe om die verskillende hulpvaardigheidstegnieke aan te wend. Die d-waarde van die parametriese toets toon ’n medium effek, praktiese sigbare verskil, terwyl die r-waarde van die nie-parametriese toets ook ’n medium effek, praktiese sigbare verskil toon.

Vraag 18: My work makes me feel satisfied.

Tydens die voor-toets het die meerderheid respondente aangedui dat hul dikwels werk-satisfaksie ervaar. Tydens die na-toets het die meerderheid respondente weer aangedui dat hul dikwels werk-satisfaksie ervaar en het die getal respondente selfs verhoog. Die d-waarde van die parametriese toets en r-waarde van die nie-parametriese toets toon albei 'n medium effek, praktiese sigbare verskil.

Vraag 21: I feel overwhelmed by the amount of work I have to deal with.

Tydens die voor-toets het 42.9 % van die respondente aangedui dat hul dikwels oorweldig voel en 14.3% het aangedui dat hul baie dikwels oorweldig voel. Tydens die na-toets was daar 'n geweldige afname deurdat slegs 18.2% respondente dikwels oorweldig voel en geen respondente baie dikwels oorweldig voel nie. Die p-waarde van die parametriese toets toon 'n statistiese betekenisvolle verskil, terwyl die p-waarde van die nie-parametriese toets dieselfde verskil toon en die r-waarde van die nie-parametriese toets 'n groot effek, praktiese betekenisvolle verskil toon.

Vraag 25: As a result of my helping, I have disturbing thoughts.

Tydens die voor-toets het 35.7% van die respondente aangedui dat hul selde versteurde gedagtes ervaar. Tydens die na-toets was daar 'n geweldige verhoging in die getal respondente. 54.5% van die respondente het aangedui dat hul nie dikwels versteurde gedagtes ervaar nie. Die d-waarde van die parametriese toets en r-waarde van die nie-parametriese toets toon albei 'n medium effek, praktiese sigbare verskil.

### 6.1.1 Gevolgtrekking

Alhoewel 14 respondente aan die voor-toets deelgeneem het en slegs 11 respondente die na-toets voltooi het, is dit duidelik vanuit die kwantitatiewe resultate van vraag 2, 5, 6, 7, 12, 16, 18, 21 en 25 dat groei plaasgevind het by die respondente en dat hul wel bemagtig is deur die REds-bemagtigingsprogram:

- ❖ Respondente se bekommernis ten opsigte van persone wat hul van hulp is het afgeneem,
- ❖ Respondente was na voltooiing van die groepbyeenkomste minder angstig wanneer hulle 'n skielike geluid gehoor het,

- ’n Groter aantal respondente het na voltooiing van die groepbyeenkomste energiek gevoel wanneer hulle persone hulp aanbied,
- ’n Groter aantal respondente het na voltooiing van die groepbyeenkomste minder versteurde gedagtes getoon wanneer hul persone hulp aanbied,
- Die getal respondente wat dikwels van hul werk hou het verhoog na voltooiing van die groepbyeenkomste,
- ’n Groter aantal respondente het aangedui dat hulle weet hoe om verskillende hulpvaardigheidstegnieke aan te wend, na voltooiing van die groepbyeenkomste,
- ’n Groter aantal respondente het aangedui dat hulle dikwels werk satisfaksie ervaar, na voltooiing van die groepbyeenkomste, en
- ’n Groter aantal respondente het aangedui dat hul minder oorweldig voel ten opsigte van hul werkslading, na voltooiing van die groepbyeenkomste.

## 6.2 Oop-einde vrae

Die respondente is tydens die voor-toets en die na-toets versoek om vraelys 2 te voltooi. Die doel was om te bepaal hoe die respondente die pandemie op ’n emosionele vlak beleef.

### 6.2.1 Wanneer ek aan die toekoms dink...

| **Voor-toets** |
|---|
| “I become worried as a result of challenges that are facing the youth. Young people are dying as a result of HIV/AIDS”. |
| “I worry a lot about HIV/AIDS”. |
| “I can be able to help learners, educators and my community with whatever problems they may have regarding HIV/AIDS if I can be able to get more knowledge or information on HIV/AIDS as this disease affects all of us, young and old”. |
| “I don’t know what is going to happen, I am very worried”. |
| **Na-toets** |
| “I see people living free of AIDS”. |
| “I have a positive hope that one day we will have an HIV free generation”. |
| “I feel one has more work to do in terms of helping those affected and infected”. |
| “I am confident”. |

Tydens die voor-toets was dit duidelik dat die meeste respondente bekommerd was oor die toekoms. Hulle was onseker oor wat die toekoms vir hulle en die jeug inhou

en is ook bewus daarvan dat hul leerders, mede-onderwysers en die gemeenskap kan help ten opsigte van MIV en VIGS, mits hul meer inligting daaroor kan kry.

Tydens die na-toets was die meerderheid respondente meer optimisties oor die toekoms en voorsien hul ook ’n gemeenskap wat vry is van MIV en VIGS. Die respondente het ook aangedui dat hulle ander moet help ten opsigte van MIV en VIGS, veral die jeug.

### 6.2.2. Opgee...

| **Voor-toets** |
|---|
| “The last thing one can think of on this earth”. |
| “In life is not a choice for anyone to make. We should help one another”. |
| “As an individual, one must not give up until you get what you want in life, if you want to help people, don’t give up”. |
| “I am not going to give up. I have to try, unil the end”. |
| **Na-toets** |
| “Is not an option. Out of a million sperms; one made me what I am today”. |
| “Is not my thing, as I believe in pressing on, never quit”. |
| “Is not my style”. |
| “I cannot give up because that’s my wish to make a difference in someone’s life. My ambition is to help others”. |

Tydens die voor-toets het die meerderheid respondente aangedui dat dit nie ’n opsie is om op te gee nie. Tydens die na-toets het die respondente steeds aangedui dat opgee nie ’n opsie is nie en dat hulle sal voortbeur om ’n verskil in mense se lewens te maak.

### 6.2.3 Ek hoop dat...

| **Voor-toets** |
|---|
| “One day they are going to get a cure for Aids”. |
| “I will make a big difference in helping most African children”. |
| “Very soon there is going to be a cure for Aids”. |
| “I can make a difference in my community and my school if I can be able to this workshop and complete it”. |
| **Na-toets** |
| “Things will soon fall into place if together we fight this monster HIV/Aids”. |
| “One day I will make a difference”. |
| “My dream will come true of helping others infected or affected with the virus”. |
| “One day this pandemic will be cured”. |

Tydens die voor-toets het die meeste van die respondente aangedui hulle hoop dat daar ’n kuur gevind sal word vir MIV en VIGS en dat hul graag mense wil help ten opsigte van die MI-virus. Een respondent het glad nie die sin voltooi nie.

Tydens die na-toets het die meeste van die respondente aangedui dat hul steeds hoop daar word ‘n kuur vir MIV en VIGS gevind, en dat hul graag ’n verskil in mense se lewens wil maak en mense wil help ten opsigte van die MI-virus. Hul glo dat omstandighede sal verbeter ten opsigte van MIV en VIGS.

### 6.2.4 Wanneer dinge verkeerd gaan...

| **Voor-toets** |
|---|
| “I feel frustrated”. |
| “I feel sad”. |
| “I think communication, teamwork and support is of paramount significance”. |
| “I always feel ashamed”. |
| **Na-toets** |
| “I seek help or go to relevant resources that can help to overcome the situation.” |
| “I always make it right.” |
| “I pray and try again”. |
| “I don’t give up, I keep pushing until I achieve my set goals”. |

Tydens die voor-toets het die respondente aangedui dat hul gevoelens van frustrasie, skaamheid en hartseer ervaar wanneer dinge verkeerd gaan. Hulle het ook aangedui dat hul probeer kalm bly en baie van hulle bid in sulke omstandighede. Een respondent het glad nie die sin voltooi nie.

Tydens die na-toets is dit duidelik dat respondente voel dat hul moet deurdruk en hulp vra indien iets nie reg verloop nie. Hul dui aan dat hul weer probeer en sal aanhou totdat hul die doelstellings bereik. Slegs een respondent het aangedui dat hy/sy steeds hartseer voel, nie kan eet nie en ’n slaapversteuring het wanneer dinge nie reg verloop nie.

### 6.2.5 Ek kan...

| **Voor-toets** |
|---|
| “I can bring a change in the way our youth think about HIV/Aids”. |
| “Make a difference”. |
| “Be able to help myself and others who are in need”. |
| “Improve my skills, gain knowledge of those I help through positive co-operation”. |

| Na-toets |
| --- |
| “Achieve everything if I believe in myself”. |
| “Make a difference because I am different and I am unique”. |
| “Spread my wings, stretch out my hands and reach out”. |
| “Help infected people”. |

Tydens die voor-toets het die meerderheid respondente aangedui dat hul ’n verskil in hul eie lewens sowel as ander persone se lewens kan maak en dat hul bewus is daarvan dat hulle hul kennis en vaardighede moet verbeter.

Tydens die na-toets het die meerdeerheid respondente aangedui dat hul ’n verskil in ander persone se lewens kan maak en ook enigiets kan bereik indien hulle in hulself glo. Van die respondente het ook aangedui hulle is in staat om persone te help wat geïnfekteer is deur die MI-virus.



### 6.2.6 Gevolgtrekking




Ten opsigte van die data verkry van die 5 oop-einde vrae is die volgende duidelik: Tydens die voor-toets was die respondente bekommerd oor hul toekoms, maar tydens die na-toets was hul optimisties oor hul toekoms en glo dat hul ander persone behoort te help. Tydens die voor-toets het die respondente aangedui hulle hoop daar word ’n kuur vir MIV en VIGS gevind. Tydens die na-toets het hul steeds aangedui hulle hoop daar word ‘n kuur vir MIV en VIGS gevind en dat hulle glo dat omstandighede ten opsigte van die MI-virus sal verbeter. Tydens die voor-toets het respondente aangedui dat hul negatiewe gevoelens, soos frustrasie, skaamheid en hartseer ervaar wanneer dinge nie reg verloop nie, maar tydens die na-toets het die meerderheid respondente aangedui dat hul sal deurdruk indien dinge nie reg verloop nie. Tydens die voor- en na-toets het die respondente aangedui hulle kan ’n verskil in ander persone se lewens maak. Die respondente het aangedui dat hulle na aanleiding van die REds-bemagtigingsprogram instaat is om ander persone te help, bemagtig voel en ook glo in hul eie vermoëns.


## 6.3 Simboliese tekeninge

Vraelys 3 is benut om respondente te vra om ’n tekening te maak oor watter effek die MIV- en VIGS-pandemie op hul het. Vervolgens ’n skematiese voorstelling van ’n paar simboliese tekeninge:

### 6.3.1 Skematiese voorstelling 3: Simboliese tekeninge

| Voor-toets tekening | Na-toets tekening |
|---|---|
|   "It is a disease that kills and destroys. Nothing good come from this disease". |  "The pandemic is a cycle that will be completed. You cannot change what will happen in the future, but you can use your time effectively and you can also support those that are living with HIV". |
| **Voor-toets tekening** | **Na-toets tekening** |
|  "It is the end. No hope. You will be killed". |  "I am aware of HIV, I know what this disease is capable of and I know that there is help available" |

| Voor-toets tekening | Na-toets tekening |
|---|---|
| <br>"It has affected me personally. I've lost someone close to me". | <br>"The pandemic is a reality and it kills people. We must be aware of this disease and know how to live with it in order for us to survive". |
| **Voor-toets tekening** | **Na-toets tekening** |
| <br>"I really need more information on HIV before I can assist others on the topic". | <br>"It is unfortunate that I lost someof my loved ones (very close) due to this. I has affected me negatively. I am well aware of this pandemic and how it influences our lives". |

| **Voor-toets tekening** | **Na-toets tekening** |
| --- | --- |
|  “A very sick person with big head and belly but thin hands and feet. I view this pandemic as negative”. |  “A flower can still blossom. Life will still go on even if you are faced with HIV. You must still view the situation in a positive way. Don’t let it drag you down”. |
| **Voor-toets tekening** | **Na-toets tekening** |
|  “You are alone, thin and fragile. You will walk the road of HIV alone”. |  “That there is still hope. HIV doesn’t mean the end. There is light in the tunnel as long as we have hope”. |

### 6.3.2 Gevolgtrekking

Vanuit die simboliese tekeninge is dit duidelik dat daar groei plaasgevind het by die respondente en dat hul hoop het vir die toekoms. Hul glo dat hul ’n verskil kan maak in ander persone se lewens en dat hulle persone wat geïnfekteer en ge-affekteer is deur die MIV- en VIGS-pandemie kan help en bystaan.

## 6.4 Semi-gestruktureerde onderhoude

Voor die aanvang van die program, is die respondente versoek om te vertel hoe die MIV- en VIGS-pandemie hul lewens beïnvloed ten opsigte van die volgende aspekte:

- ❖ Emosionele vlak,
- ❖ Geestelike vlak,
- ❖ Fisieke vlak,
- ❖ Sosiale vlak, en
- ❖ Professionele vlak.

### 6.4.1 Die emosionele uitwerking van die MIV- en VIGS-pandemie

Die meerderheid respondente het aangedui dat die pandemie ’n emosionele uitwerking op hul het. Tydens die groepbyeenkomste het hul ook inligting verskaf oor geliefdes, vriende en familie wat met die MI-virus saamleef en het hul aangedui dat dit hul op ’n emosionele vlak raak.

| |
|---|
| “Sad, very sad”. |
| “When you see a person infected, it is so shocking”. |
| “Emotionally you become so disturbed. You’ll be feeling so disrupted. It’s like everybody you know is affected, so emotionally you can’t feel good”. |
| “Misery”. |

### 6.4.2 Geestelike ervarings

Die meerderheid respondente het aangedui dat die pandemie ’n negatiewe uitwerking op hul geestelike lewens het. Tydens die groepbyeenkomste het hul dikwels verwys dat slegs God kan ingryp om die pandemie te vernietig. Die

respondente het ook daarna verwys dat hulle voel dat God die mensdom straf deur hierdie pandemie.

| |
|---|
| "You feel like maybe God is not there. People are dying at the end of the day. Why have God forsaken us?". |
| "We think of in the time of Christ, when he was on the cross, the person next to him asked why have You forsaken me. Now, today, people are dying and we can ask if God is punishing us. Children and adults are suffering. Especially if we look at the children we ask what have we done wrong? Why does God turn his back on us". |
| "...Why can't God give us a cure. Only God can show us what need to be done, what we need to do..We are also asking, can't God give us a way, because we really want Him to". |
| "How can God let such things happen". |

### 6.4.3 Fisieke uitwerking van die MIV- en VIGS-pandemie

Die meerderheid respondente het aangedui dat die pandemie 'n negatiewe uitwerking op hul fisiese funksionering het deurdat hul baie bekommernisse het en gebuk gaan onder spanning. Hulle meld egter dat hul nie toelaat dat die pandemie 'n verdere fisiese uitwerking op hul lewens toon nie.

| |
|---|
| "Everything you see from a person infected with the pandemic, you compare to yourself. I might be thinking if I have a cough, I might be positive with the disease". |
| "... to let this thing control me, no, I won't allow it". |
| "Yes". |

### 6.4.4 Sosiale interaksie belewenis

Die meerderheid respondente het aangedui dat die pandemie 'n invloed het op hul sosiale interaksie. Hulle bekommer hul oor intimiteit, wie geïnfekteer kan wees deur MIV en VIGS en dat hul nie bewus sal wees daarvan nie. Ook dat hul kinders geïnfekteer sal word deur MIV en VIGS. Die respondente voel nie meer vry om met mense te sosialiseer soos wat hul in die verlede gedoen het nie.

| |
|---|
| “Your relationship with people change totally, the way you socialize with them. Who has the disease and who doesn’t. Your kids are affected, you wonder where they are, who they are with. When they grow up, how will they protect themselves. You start checking up on your kids. Everytime he comes late you want to know where he comes from. Your child start thinking that you don’t want him to be free. You become negative towards people”. |
| “Socially you become so uncertain in everything you do”. |
| “Even to disclose. Sometimes people see it as a crime to be positive. You are scared to disclose your status to people because of the stigma”. |

### 6.4.5 Uitwerking op die lewensoriëntering-onderwyser as professionele persoon

Die meerderheid respondente het aangedui dat die pandemie ’n invloed op hul professionaliteit het. Hul moet dikwels kinders hanteer wat op hul skreeu en wat hul weet gebuk gaan onder die MIV- en VIGS-pandemie. Die respondente weet egter nie hoe om dié situasies te hanteer nie.

| |
|---|
| ‘...and yet they decide to take out their anger at me, fighting and isolating themselves... you cannot help the child...you can’t even speak to the child, you need skills to work with the child”. |
| “A lot. Considering the area that we are in here”. This is a high-risk area and we work with children who are either HIV positive or abandoned by their parents because of this disease. The child becomes so affected by the pandemic. They become aggressive and hardly open up at school. They become depressed and isolated. Or they become a risk because they take out their anger at school because of the situation at home. The two people that are suppose to take care of this children, their parents, are ill most of the time. The child need them and there is nothing he or she can do to change the situation. And yet the children decide to take out their anger at me, fighting and feeling isolated. So you as a teacher, in terms of experience, you cannot help that child. You can’t even speak to the child, you need skills to work with the child”. |

### 6.4.6 Gevolgtrekking

Vanuit bogenoemde bespreking is dit dus duidelik dat die MIV- en VIGS-pandemie ’n invloed op verskeie fasette van lewensoriëntering-onderwysers het. Die fasette sluit in die emosionele, fisieke, geestelike, sosiale en hul professionele funksionering. Respondente stel dit duidelik dat hulle bewus is van die invloede van die MIV- en VIGS-pandemie en dat hulle hulp nodig het om dit te kan hanteer.

## 6.5 Refleksie en terugvoer van respondente na elke sessie

Na afloop van elke groepbyeenkoms is elke respondent voorsien van ’n refleksie staat en versoek om dit te voltooi om sodoende die REds-bemagtigingsprogram te kan verbeter. Die volgende vrae het voorgekom in die refleksie staat:

- Wat is die mees betekenisvolle van vandag se module,
- Wat het die minste betekenis gehad tydens vandag se module, en
- Wat sou jy verander voordat die module weer aangebied word.

### 6.5.1 Byeenkoms 1

Tydens die byeenkoms is gefokus op die doel van die REds-bemagtigingsprogram en etiese kwessies en groepreëls is bespreek. Respondente se verwagtings asook die konsep van geïnfekteer en ge-affekteer is bespreek.

- Terugvoer

Respondente het meer insig van die terme geïnfekteer en ge-affekteer gekry. Hulle het ’n hoër bewustheid van die realiteit van die MIV- en VIGS-pandemie gekry en watter impak die pandemie op ’n gesin kan hê. Hulle algemene kennis ten opsigte van die MIV- en VIGS-pandemie is verbreed.

Respondente het gemeld dat die storie van Yulia en Makusa wat voorgelees is te lank is. Hul het voorgestel dat die storie op band opgeneem word en dat daar ook ’n in-diepte bespreking van die storie moet plaasvind.

- Wat is die mees betekenisvolle van vandag se module?

“The story of Yulia and her family has again re-emphasised the reality of HIV

| |
|---|
| around us everyday”. |
| “How to support people who are infected with the virus”. |

❖ Wat het die minste betekenis gehad tydens vandag se module?

| |
|---|
| “None noted”. |
| “Discussion in detail on the story of Yulia and Mukasa”. |

❖ Wat sou jy verander voordat die module weer aangebied word?

| |
|---|
| “Nothing must change”. |
| “Long reading”. |

### 6.5.2 Byeenkoms 2

Tydens byeenkoms 2 is feite oor die MIV- en VIGS-pandemie bespreek, onder andere hoe om siek persone te versorg, hoe om sterwende persone te versorg en hoe om algemene MIV en VIGS verwante probleme te hanteer. Mites ten opsigte van MIV en VIGS, voorkoming en die fases van MIV en VIGS is bespreek.

Respondente is voorsien van pamflette ten opsigte van MIV en VIGS.

❖ Terugvoer

Respondente het die byeenkoms baie geniet en het aangedui dat hul die inligting oor MIV en VIGS sinvol gevind het. Hulle het ook die inligting oor die fases van ontwikkeling van die virus sinvol gevind. Die pamflette oor MIV en VIGS is ook baie nuttig vir respondente.

❖ Wat is die mees betekenisvolle van vandag se module?

| |
|---|
| “Phases of infection”. |
| “Knowing more about HIV as to how it is spread and the myths surrounding it”. |

❖ Wat het die minste betekenis gehad tydens vandag se module?

| |
|---|
| “Nothing”. |
| “Hygiene. I am already aware of it”. |

❖ Wat sou jy verander voordat die module weer aangebied word?

| |
|---|
| “Nothing, it was a perfect lesson”. |
| “Nothing, the information was 100%”. |

### 6.5.3 Byeenkoms 3

Tydens byeenkoms 3 is inligting aan respondente verskaf ten opsigte van hulpbronne wat hul kan benut ten opsigte van weeskinders en weerlose kinders. Rou-smart vaardighede, sowel as die tema van ‘dood’ is bespreek. Respondente het plakkate gemaak ten opsigte van hulpbronne in hul gemeenskap wat hul self kon identifiseer.

- ❖ Terugvoer

Die respondente voel dat hulle nou weet hoe om leerders te help en hulle verstaan ook die rou-smart fases en vaardighede. Die hulpbronne wat aan hul verskaf is, is ook baie sinvol. Respondente het aktief deelgeneem aan die groepbesprekings - ook in die opvolgende besprekings tydens byeenkomste. Respondente was baie gretig om meer te leer van die onderwerpe onder bespreking.

- ❖ Wat is die mees betekenisvolle van vandag se module?

| |
|---|
| “It has helped me a lot because I know now how to assist my learners in grieving”. |
| “I learned that help lines and local support systems are available locally and nationally”. |

- ❖ Wat het die minste betekenis gehad tydens vandag se module?

| |
|---|
| “Nothing”. |
| “None”. |

- ❖ Wat sou jy verander voordat die module weer aangebied word?

| |
|---|
| “Interpretation of a poster, for example a grieving person who is helpless”. |
| “Very helpful, nothing to change”. |

### 6.5.4 Byeenkoms 4

Tydens die byeenkoms is die versorging van siek persone asook sterwende persone bespreek. Respondente het self gekies om bogenoemde temas te bespreek, aangesien daar te veel inligting ter bespreking vir die module was.

❖ Terugvoer

Respondente het die byeenkoms as baie sinvol beskou. Die bespreking oor die versorging van persone wat besig is om te sterf was vir hul emosioneel en ernstig. Sommige van die respondente het aangedui dat hulle persone na aan hul aan die dood afgestaan het. Hulle het die persone self versorg en wens hulle het dié inligting vroëer gehad.

❖ Wat is die mees betekenisvolle van vandag se module?

| |
|---|
| "Knowing how to take care of the sick was helpful. Just lost my father a month ago and I was taking care of him. Could it happen that I received this info before his death, it could be more helpful". |
| "How to care about a person who is dying of HIV and Aids". |

❖ Wat het die minste betekenis gehad tydens vandag se module?

| |
|---|
| "How to react if we are facing problems about our lives". |
| "Everything is of utmost significance". |

❖ Wat sou jy verander voordat die module weer aangebied word?

| |
|---|
| "We may discuss possible methods to see how best do people know how to care for the sick. Then after such discussions, we can research from the text". |
| "The module is 100% informative". |

### 6.5.5 Byeenkoms 5

Tydens byeenkoms 5 is stigma en hoe om stigma te hanteer as tema bespreek. Tekeninge is benut om stigma te bespreek en respondente is gevra om tekeninge te maak van hoe hulle 'n skool visualiseer wat stigma-vry is.

❖ Terugvoer

Respondente het gemeld dat hulle baie geleer het oor stigma en hoe om dit te hanteer. Hulle het ook aktief deelgeneem aan die groepbespreking oor insidente waar hul stigma ervaar het.

Respondente het die tema as baie interessant ervaar en het aangedui dat hul geen veranderings aan die module sou wou aanbring nie.

❖ Wat is die mees betekenisvolle van vandag se module?

| |
|---|
| "Coming to understand the concept stigma. How to deal with stigmatization". |
| "How to cope with stigma". |

❖ Wat het die minste betekenis gehad tydens vandag se module?

| |
|---|
| "Operational ideas versus non-operational ideas". |
| "How to deal with stigmatizers". |

❖ Wat sou jy verander voordat die module weer aangebied word?

| |
|---|
| "Nothing, it is perfect". |
| "Nothing to change". |

### 6.5.6 Byeenkoms 6

Tydens byeenkoms 6 is diskriminasie, die regte van onderwysers en 'n ondersteunende skool omgewing bespreek. Beleid en wetgewing ten opsigte van MIV en VIGS in die werkomgewing is bespreek. Respondente is ook ingelig hoe om hulself te beskerm teen die MIV- en VIGS-virus.

❖ Terugvoer

Respondente het die inligting as baie interessant en leersaam beskou, veral die nasionale beleid ten opsigte van MIV en VIGS. Hul dra kennis van die regte van onderwysers, sowel as leerders en weet ook nou hoe om 'n ondersteunende skoolomgewing te skep.

❖ Wat is die mees betekenisvolle van vandag se module?

| |
|---|
| "How to create a supportive environment for HIV-positive learners or educators". |
| "National policy on HIV/AIDS". |

❖ Wat het die minste betekenis gehad tydens vandag se module?

| |
|---|
| "Knowing about the rights I have concerning sick leave". |
| "None". |

❖ Wat sou jy verander voordat die module weer aangebied word?

| |
|---|
| "I would open up a discussion on human rights affairs and after deliberations we would go into the details laid out in the manual". |
| "Nothing, everything is perfect". |

### 6.5.7 Byeenkoms 7

Tydens byeenkoms 7 is spanning, hoe om spanning te voorkom en werk-spanning bespreek. Respondente het elk 'n stuk klei gekry om 'spanning' in hul lewe uit te beeld. Hulle het die aktiwiteit geniet en ook aangedui dat dit ontspannend vir hul is om met klei te werk.

❖ Terugvoer

Respondente het die klei-aktiwiteit baie geniet. Die inligting verskaf oor spanning en hoe om dit te hanteer, was baie nuttig.

Een respondent het aangedui dat die storie van Yulia en Mukasa meer benut moet word tydens besprekings. Nog 'n respondente het aangedui dat daar minder gelees moet word en meer besprekings moet plaasvind.

❖ Wat is die mees betekenisvolle van vandag se module?

| |
|---|
| "How to cope with stress and what causes it. How can I identify those with stress". |
| "How to control our stress levels". |

❖ Wat het die minste betekenis gehad tydens vandag se module?

| |
|---|
| "Stress list". |
| "Reading, rather then having an intense discussion en involvement of all participants". |

❖ Wat sou jy verander voordat die module weer aangebied word?

| |
|---|
| "Do a case study". |

| |
|---|
| “None”. |

### 6.5.8 Byeenkoms 8

Tydens byeenkoms 8 is weerstand bespreek. Die doel was om respondente te help om weerstand te kan bied in hul werkomgewing en hul persoonlike lewens. Inligting is aan respondente verskaf oor hoe om meer weerstand ten opsigte van die MIV- en VIGS-pandemie te kweek.

❖ Terugvoer

Die ses stappe van weerstand was baie sinvol en hoe om weerstand te bied. Een respondent het aangedui dat die tema in-diepte bespreek moet word.

❖ Wat is die mees betekenisvolle van vandag se module?

| |
|---|
| “How to be more resilient to the pandemic which is affecting us. Be able to cope irrespective of difficulties involved”. |
| “The definition of REds and align ourselves with it. Steps towards resilience”. |

❖ Wat het die minste betekenis gehad tydens vandag se module?

| |
|---|
| “Nothing”. |
| “None”. |

❖ Wat sou jy verander voordat die module weer aangebied word?

| |
|---|
| “A more intense discussion on important topics of the whole course, as a way of emphasis”. |
| “None”. |

### 6.5.9 Byeenkoms 9

Byeenkoms 9 is benut as samevatting van al die byeenkomste. Respondente is gevra om hul algehele indruk van die REds-bemagtigingsprogram te verskaf, deur middel van vraelys 4. Terugvoer word vervolgens verskaf:

## 6.6 Algemene terugvoer van die REds-bemagtigingsprogram

Die algemene terugvoer ten opsigte van die REds-bemagtigingsprogram word vervolgens bespreek.

### 6.6.1 Wat in die toekoms in die REds-bemagtigingsprogram ingesluit moet word

| |
|---|
| “TV presentations with real life situations. Documentaries of HIV and death”. |
| “A course in HIV/AIDS management at the workplace”. |
| “Visit to home-based care centres”. |

Baie van die respondente het aangedui dat die huidige REds-bemagtigingsprogram voldoende is en sommige respondente het glad nie die vraag voltooi nie. Respondente het ook aangedui dat hulle ’n kursus wil voltooi oor hoe om MIV en VIGS in die werksomgewing te hanteer. Hulle wil ook meer praktiese aspekte ten opsigte van MIV en VIGS ervaar, soos om VIGS sentrums te besoek en ware lewensdramas oor MIV en VIGS te kyk.

### 6.6.2 Wat in die toekoms in die REds-bemagtigingsprogram uitgesluit kan word

| |
|---|
| “Nothing. It teaches people to be strong”. |
| “Reading word for word from the manual”. |
| “Nothing”. |

Die meerderheid van die respondente het aangedui dat die REds-bemagtigingsprogram onveranderd moet bly. Een respondent het aangedui dat daar minder vanuit die handleiding gelees moet word.

### 6.6.3 Wat van die aanbieding was effektief

| |
|---|
| “It was thought-provoking and enlightning”. |
| “The facilitator was cool and did what she is good at (examples were relevant)”. |
| “Group involvement”. |

Die respondente het aangedui hulle is tevrede met die aanbieding. Hulle het daarvan gehou dat alle respondente betrek is by die groepbyeenkomste en dat die inligting wat aan hulle verskaf is baie leersaam was.

### 6.6.4 Wat van die aanbieding moet verander word

| |
|---|
| "Word for word reading". |
| "Nothing". |
| "None". |

Twee respondente het aangedui dat daar minder gelees moet word vanuit die handleiding. Al die ander respondente het aangedui dat daar geen veranderings moet wees ten opsigte van die aanbieding nie.

### 6.6.5 Wat was die mees betekenisvolle van die REds-bemagtigingsprogram

| |
|---|
| "Helpline, for example the telephone numbers of various NGO's;". |
| "How to be resilient". |
| "How to look after an HIV/AIDS patient (terminally ill)". |

Die respondente het alle inligting wat verskaf is as betekenisvol ervaar en het veral die byeenkoms oor hoe om spanning te hanteer en veerkragtigheid as betekenisvol ervaar.

### 6.6.6 Wat was nie betekenisvol van die REds-bemagtigingsprogram nie

| |
|---|
| "None". |
| "Nothing". |
| "How to handle stress". |

Een respondent het aangedui dat die byeenkoms oor hoe om spanning te hanteer nie betekenisvol was vir haar nie, aangesien sy reeds kennis daarvan het. Al die ander respondente het aangedui dat daar niks was wat hul nie betekenisvol kon vind nie.

### 6.6.7 Wat moet verander ten opsigte van die uitdeelstukke

| |
|---|
| "The additon of TV with actual documentaries to really address the pandemic". |
| "Give more information that omits examples". |
| "Excellent". |

Die meerderheid respondente het aangedui dat die uitdeelstukke baie goed en betekenisvol was. Twee respondente het aangedui dat hul meer voorbeelde wil hê en ook dokumentêre programme wil kyk.

### 6.6.8 Het die REds-bemagtigingsprogram respondente op 'n persoonlike vlak gehelp

| |
|---|
| "It equiped me with information on how to care for a sick person, as it was difficult for me to do that". |
| "Yes, I was equiped with coping skills as well as how to help others". |
| "I am aware and positive to help people affected and infected". |

Respondente het aangedui dat die REds-bemagtigingsprogram hul wel op 'n persoonlike vlak bemagtig het. Hulle beskik nou oor inligting ten opsigte van die MIV- en VIGS-pandemie, weet hoe om ander persone van hulp te wees en voel bemagtig.

### 6.6.9 Het die REds-bemagtigingsprogram respondente op 'n professionele vlak gehelp

| |
|---|
| "Yes. I am more helpful towards my learners. I give them time to speak about their problems and I manage to help them". |
| "It gave me coping skills that I will use with the children". |
| "Yes, I will be able to identify with what affected learners are going through". |

Dit is duidelik dat respondente nou oor genoegsame inligting beskik ten opsigte van die MIV- en VIGS-pandemie en dat hulle nou instaat is om veerkragtigheid toe te pas ten opsigte van die MIV- en VIGS-pandemie.

### 6.6.10 Algemene opmerkings

| |
|---|
| "Viva, REds, viva". |
| "Should be made available for schools to reach all educators and learners". |
| "Keep up the good work. We needed this". |

Respondente het baie goed gereageer ten opsigte van die REds-bemagtigingsprogram en die terugvoer was meestal positief. Hul het die program geniet en is toegerus met baie kennis.

#### 6.6.11 Gevolgtrekking

Vanuit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die respondente toegerus is met kennis en vaardighede om die MIV-en VIGS-pandemie effektief te kan hanteer. Hulle is ook meer gemotiveerd om ander wat deur die pandemie geÏnfekteer en ge-affekteer word te help en te ondersteun.

## 6.7 Na-toets onderhoude met bestuur

Na afloop van die REds-bemagtigingsprogram is onderhoude gevoer met die bestuur van die betrokke skool.

### 6.7.1 Het die REds-bemagtigingsprogram respondente op 'n persoonlike vlak gehelp

| |
|---|
| "Yes, a lot. Because of the way they participated and the way they gave their own views. They were very involved". |
| "Yes, they gained a lot. They gave feedback about what was discussed and even on our monthly submission forms they indicated that they've attended the training and gained a lot". |

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die respondente op 'n persoonlike vlak bemagtig is.

### 6.7.2 Het die REds-bemagtigingsprogram respondente op 'n professionele vlak gehelp

| |
|---|
| "Yes, because most of them when there was this questionnaire asking what it is that they have learned, they said they now understand how to handle children who are HIV-positive, how to support them and how to cope in a situation where there is people, especially children, who are affected or infected". |
| "Yes, they gained". |

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat respondente op 'n professionele vlak bemagtig is.

### 6.7.3 Sal die leerlinge baat vind deur die REds-bemagtigingsprogram

| |
|---|
| "Yes, they will benefit from the training. The teachers will implement their knowledge". |
| "Yes, through the teachers. They will pass their knowledge on to the learners". |

Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat die leerlinge indirek sal baat vind deur die REds-bemagtigingsprogram.

## 7. BESPREKING

Onderhoude is gevoer met die skoolhoof, mnr. R.E. Matsoso en die voorsitter van die 'School Based Support Team', mev. T.C. Ramakarane. Albei het aangedui dat die respondente baatgevind het by die REds-bemagtigingsprogram en dat die leerlinge ook indirek daarby baatvind. Hul is baie positief oor die program en het aangedui dat dit 'n definitiewe bydrae lewer tot onderwysers se veerkragtigheid ten opsigte van die MIV- en VIGS-pandemie.

Die lewensoriëntering-onderwysers het almal aangedui dat die program 'n definitiewe impak op hul lewens gehad het. Hul het aangedui dat hulle die program geniet het, nuwe kennis verwerf het en nou instaat is om die impak van die MI-virus te hanteer. Vanuit die bevindinge is dit duidelik dat die lewensoriëntering-onderwysers tot 'n mate gelukkiger is en voel hul ook dat hul bemagtig is deur die program.

Hulle het ook aangedui dat die program by alle skole behoort aangebied word, aangesien die MI-virus so omvangryk is en alle onderwysers beïnvloed word deur die MI-virus.

## 8. AANBEVELING

Wanneer die REds-bemagtiginsprogram weer aangebied word moet die volgende aanbevelings in ag geneem word:

- Effektiewe beplanning ten opsigte van groepbyeenkomste, lokaal, tye en druk werksprogram van lewensoriëntering-onderwysers moet in ag geneem word,

- Betrek alle onderwysers by die groepbyeenkomste en maak seker dat alle respondente die belangrikheid van aktiewe deelname verstaan,
- Die program moet verkieslik deur ’n maatskaplike werker aangebied word, aangesien hul reeds spesifieke opleiding ontvang het ten opsigte van groepwerk, en
- Maak seker dat daar van soveel moontlik hulpbronne gebruik gemaak word en beperk die gebruik en lees uit die handleiding.

## 9. SAMEVATTING

Artikel 2 het ’n oorsig verskaf van die resultate van die REds-bemagtigingsprogram wat aangebied is. Dit is duidelik dat alle respondente by die program baat gevind het. Hulle het genoegsame inligting oor die MIV- en VIGS-pandemie ontvang en is bemagtig om veerkragtigheid te openbaar ten opsigte van die pandemie. Respondente het op ’n persoonlike sowel as professionele vlak gebaat by die program.

Dit is dus duidelik dat die REds-bemagtigingsprogram uiters effektief is en dat lewensoriëntering-onderwysers daarby kan baatvind.

## BIBLIOGRAFIE

ANASTASI, A. & URBINA, S. 1997. Psychological Testing. 7th ed. New York: Prentice Hall, Inc.

BABBIE, E. 2010. The practice of social research. 12th ed. Belmont: Wadsworth.

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2008. The practice of Social Research. 10th ed. Cape Town: ABC Press.

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2010. The practice of Social Research. Cape Town: Oxford University Press.

BABBIE, E. & RUBIN, A. 2010. Essential research methods for social work. 2nd ed. Belmont: Brooks/Cole Publishing Company.

BLUNDO, R. 2001. Learning strengths-based practice: challenging our personal and professional frames. Families in society, 82(3):296-304, May/Jun.

COHEN, J. 1988. Statistical power analysis for the behavioural sciences. 2nd ed. Hillsdale, NJ: Erlbaum.

CRESWELL, J.W. 2009. Research Design: Qualitative, Quantitative, and Mixed Methods Approaches. 3rd ed. Los Angeles: Sage Publications.

DE VOS, A.S. 1998. Programme Evaluation. (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHĖ, C.B., POGGENPOEL, M., SCHURINK, E. & SCHURINK, W., *eds.* Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik Publishers. pp.178-188.)

DE VOS, A.S. 2005. Combined quantitative and qualitative approach. (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHĖ, C.B. & DELPORT, C.S.L., ed. 2005. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p.357-366).

DU BOIS, B. & MILEY, K.K. 2005. Social Work. An empowering Profession. 5th ed. New York: Pearson Education, Inc.

ELLIS, S.M. & STEYN, H.S. 2003. Practical significance (effect sizes) versus or in combination with statistical significance (p-values), Management Dynamics, 12(4): 51-53.

FIELD, A. 2009. Discovering statistics using SPSS. 3rd ed. London: Sage Publications. p.550.

FOUCHĖ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. (*In* DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHĖ, C.B. & DELPORT, C.S.L., ed. 2005. Research at grass roots for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. p.71-85.)

FOURIE. 2006. The political management of HIV and AIDS in South Africa. One burder too many? London: Palgrave Macmillan.

GRINNELL, R.M. & UNRAU, Y.A. 2008. Social work research and evaluation. Foundations of evidence-based practice. 8th ed. Oxford: University Press.

LEE, M. 2003. A solution-focused approach to cross-cultural clinical social work practice: utilizing cultural strengths. Families in society, 84(3):385-395, Jul/Sep.

LINCOLN, Y.S. & GUBA, E.G. 1985. Naturalistic inquiry. California: Sage Publications.

PIETERSEN, J. & MAREE, K. 2007. Standardisation of a questionnaire. (*In* MAREE, K., ed. 2007. First steps in research. Pretoria: Van Schaik. p.215-223.)

ROSSI, P.H., LIPSEY, M.W. & FREEMAN, H.E. 2004. Evaluation: a systematic approach, 7th ed. Thousand Oaks: Sage Publications.

SCHATZ, M.S. & FLAGLER, M.N. 2004. Examining how professionals describe the strengths perspective in their practice. Journal of Baccalaureate social work, 9(2):63-77. Available: Academic Search Premier.

SPSS INC. 2009. PASW Statistics 18, Release Version 18.0.0. Copyright © by SPSS, Inc., Chicago, IL. www.spss.com.

SQUIRE, C. 2007. HIV in South Africa. New York: Routledge.

STAMM, B.H. 2005a. The ProQOL Manual. Lutherville: Sidran Press, p.5.

STAMM, B.H. 2005b. The ProQOL Manual. [Web:] http://www.isu.edu/~bhstamm/documents/proqol/ProQOL Manual Oct05.pdf

[Date of access: 18 September 2010].

STUTTERHEIM, E. & WEYERS, M.L. 2004. Strengths-focused intervention: the new approach of the social work services of the South African Police Service(SAPS). Social work/Maatskaplike werk, 40(1):1-24, Mar.

THERON, L.C. 2005. Educator perception of educators' and learners' HIV status with a view to wellness promotion. South African Journal of Education, 25(1):56-60.

THERON, L.C. 2007c. The impact of the HIV epidemic on the composite wellbeing of educators in South Africa: a qualitative study. African Journal of AIDS Research, 6(2):175-186.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2001. An introduction to group work practice. London: Allyn and Bacon.

TOSELAND, R.W. & RIVAS, R.F. 2009. An Introduction to group work practice. 6th ed. Boston: Allyn and Bacon.

ZASTROW, C.H. 2009. Social Work with groups: a comprehensive workbook. 7th ed. Belmont: Brooks/Cole Publishing Company.